



KALEI-nuus 2 (Junie 2023)

In die winter lyk dit of die natuur stilstaan – maar onder die grond groei die wortels! So vorder die beplanning vir hierdie jaar se **KALEIDOSKOOP** kersmark fluks!

Kerninligting is:

- Wanneer: **30 Okt – 4 Nov 2023**
- Waar: Doxa Deo Kameeldrift Kampus
- Kersmark se tye:
 - Maandag tot Vrydag 10:00 – 20:00
 - Saterdag 07:00 – 13:00
 - Uitpaktyd: Maandag 07:00 – 10:00
 - Oppaktyd: Saterdag 13:00 – 15:00
- Kontakpersoon: Müller Crauwcamp – 0833012897
 - mark@kaleidoskoopmark.co.za

Dit is 'n **NEERSIT-MARK** - jy hoef daarom as uitstaller nie die hele tyd daar te wees nie. (Maar jy is welkom om soveel moontlik daar 'n draai te maak – geskiedenis het bewys dit bevorder tog die verkope).

Daar is wel **EEN DIENSBEURT** tydens die week. 'n Diensbeurt verg spesifieke takies en een van die grootste redes is t.w.v. sekuriteit *as geheime agent* 😊. Jy kan solank pro-aktief wees en ons laat weet watter dag jou die beste sal pas...

- Maandag tot Vrydag se tydgleuwe is
 - 10:00-14:00
 - 14:00-17:00
 - 17:00-20:00
- Saterdag:
 - 07:00-10:00
 - 10:00-13:00

Van sekuriteit gepraat... in die ruim parkeerarea word deeglike toesig gehou. Dis ook een van die groot redes hoekom dit 'n **KONTANTLOSE** mark is. Ons maak gebruik van ons eie *barcode* sisteem; geen ander markte se prys-etikette sal met ons sisteem kan kommunikeer nie.

REGISTRASIES gaan vanaf middel kan Junie gebeur – direk op die webtuiste:

<https://kaleidoskoopmark.co.za/>

- Gaan loer solank... 😊
- Die uitstallers van 2022 behou dieselfde **UITSTALNOMMER** wat aan hulle toegeken is; nuwe uitstallers wat gekeur word, kry 'n eie uitstalnommer (dit sal met 3... begin) wat op alle korrespondensie moet verskyn – asook jou **WINKELNAAM**.

KOSTES

- Een **UITSTALSPASIE** kos **R500** – dit is ongeveer 1m X 2m (gewone tafelgrootte) –
- Hierdie **registrasiefooi** is betaalbaar teen **1 Augustus 2023**.
- **KALEIDOSKOOP KERSMARK** verhaal **20% KOMMISSIE** van die totale verkope van elke produk by die mark - bv. R100 = verkoopprijs; R20 (20% kommissie na Kaleidoskoop) en R80 terugbetaalbaar aan uitstaller).
- Soos wat dit laasjaar die geval was, poog ons om die terugbetalings af te handel nie later nie as 2 weke na die mark se sluitingsdatum.

In die **KUIERTENT** sal daar elke dag iets te koop wees om aan te knibbel. Vriende en familie kan saam-eet en -kuier tot 20:00 aangesien daar weer **KUNSTENAARS** gaan wees wat die feestelikheid na 'n volgende vlak toe vat.

Daar mag net moontlik nog 'n paar lekker verrassings op jou wag terwyl jy besig is om aan jou produkte vir **KALEIDOSKOOP** voorberei... *(Weet jy bv. dat Kersfees hierdie jaar op 17-18 Augustus is? 🎵🎶 - die ouditorium vir 'n produksie lyk heeltemal anders as vir 'n Kersmark...)*

Dis verbasend hoe vinnig 'n klomp vreemdelinge 'n **KALEI**-familie kan word. Hoop jy is deel van hierdie jaar se avontuur. Kommunikeer asseblief – ons wil graag weet of jou naam definitief op ons lys kan wees.

Kalei-groete...

MÜLLER & ANNIE CRAUWCAMP

083 301 2897 | mark@kaleidoskoopmark.co.za | kaleidoskoopkersmark.co.za

